# Diere



## Prokofiev: *Pieter en die Wolf*


**Komponis**: Prokofiev, 'n Russiese komponis van die 20ste eeu.

**Agtergrondinligting:**


Hierdie programmusiek vertel die verhaal van 'n jong seun, Pieter, wat die wolf in die woud wil gaan vang. Saam met hom is sy dierevriende, die voëltjie, die kat en die eend. Pieter se oupa wil natuurlik niks daarvan weet dat Pieter alleen na die woud toe gaan nie, maar ten spyte daarvan glip Pieter ongemerk weg om die wolf te trotseer. Gelukkig daag die jagters op net wanneer dinge gevaarlik raak.

Elke karakter in hierdie verhaal word deur 'n tema op 'n spesifieke instrument van die simfonie-orkes voorgestel.


Al die instrumente wat Prokofiev in sy musiekverhaal gebruik word hieronder geillustreer.




Strykfamilie




Fluit




Klarinet




Hobo



fagot



Franse horings



Pouke / Keteltromme

Die hoofmelodie van die musiek is Pieter se tema wat deur die stykers gespeel word:

